**N.P. VAN WYK LOUW SE UITSPRAKE OOR SY EIE KUNS**

**EN OOR DIE KUNSTENAARSKAP.**

........oOo........

**S K R I P S I E.**

ter gedeeltelike vervulling van die M.A. - graad.

onder die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

1955.

........oOo........

Kandidaat : C.P. van der Walt.

# I N H O U D S O P G A W E.


$ 1. Ouer Digters en Eie Kuns.................... 1

$ 2. Die Twintiger Jare En Die Kuns.............. 7

$ 3. Die Dertiger Digters........................ 8

$ 4. N.P. Van Wyk Louw As Geestelike Leier en Denker..... 14

$ 5. N.P. Van Wyk Louw en Sy Verskuns............ 30

$ 6. Besluit..................................... 35

$ 7. Bibliografie................................ 36


............oOo............

## $ 1. OUER DIGTERS EN EIE KUNS.

Hewig ontroer deur die tydgebeure het die digters van die ouer generasie, t.w. Marais, Totius, Leipoldt en Celliers, uiting gegee aan wat diep gebroei het in die volksiel: 'n intense smart oor die verlore vryheid, die hoop op 'n beter toekoms, 'n innige Godsvertroue en 'n liefde vir die Afrikaanse natuur. 1)

Dié geesteservaring van die Afrikaanse volk was ook die ervaring van elke digter wat die tydgebeure innig beleef het. Wat in die volksiel nog gebroei het, het in die hart van elke digter gebrand en hieraan moes uiting gegee word. Só getuig Jan Celliers oor die ontstaan van Die Vlakte:

„Ik kon toen nie anders nie, ik moes 2) skrijwe, ik was vol daarvan,"

en,

„..... Maar, toen was hij nie naar mij sin nie, so ver benede wat ik gevoel 3) het en wou uitdruk." 4)

Dit is vir ons belangrik dat Celliers self daarvan melding maak dat hy moes skryf oor wat hy gevoel het, want met die eerste getuig hy van die noodwendigheid van sy digterskap en met die tweede kry ons 'n aanduiding van wat in sy gees werksaam was: 5) hy voel homself geroepe om uiting te gee aan 'n hewige emosionele belewing van die natuur. Hierdie sterk gevoelselement in sy kuns erken hy elders ook. 6)

/In sy..........

1) Vgl. G. DEKKER: Die Nuwe Brandwag, V (1933), p.29
2) Eie kursivering.
3) Eie kursivering.
4) Mededeling aan E.C. PIENAAR: Taal en Poësie..., 4de druk, p. 232
5) Vgl. die hele „mededeling" t.a.p. p.232
6) Jan F.E. CELLIERS: Kuns In Lewe En Kultuur, eerste druk, p.1 : „Hart, gevoel, instink speel in alles 'n groot rol, en met reg, hier (d.i. kuns) speel dit die hoofrol, bo verstand."

In sy opstelle oor kuns en kultuur, bedoel om „oningewyde lesers daartoe te bring om hul aandag te skenk aan dinge wat vir ons algemene beskawing tog so onmisbaar is,"[1] sien Celliers nie die digter as 'n geestelike leier van sy gemeenskap nie; hy besin hom ook nie op die onvervangbare suiwer woord nie en sy belangstelling gaan hoofsaaklik oor die inhoud. Só getuig hy self:

> Ek wil die pen in die hemelblou,
> in die geur van blomme doop;
> in awendgloed,
> in heldebloed,
> in son en môredou, [2]

By Totius merk ons ook 'n brandende uitingsdrif, maar andermaal is daar geen besinning oor die aard en wese van die kuns nie. In Die Leeurik getuig hy van 'n spontane skeppingsdrif:

> Ek sien hom daar die niet'ge stippie,
> en hoor hoe hy hartstogt'lik sing
> asof die stormwind met sy vlae
> hom in die sangersborsie dring.

En verder,

> Ek sing ook bo 'n vlaktewêreld,
> bo 'n matelose veldverdriet;
> ek sing met op en neer geworstel
> my gou-vergane stemmingslied. [3]

Teenoor die „gou-vergane stemmingslied" stel Van Wyk Louw later sy idees oor 'n groot kuns wat tydeloos is.

In Hoeveel Sange Is My Verlore [4] kry ons 'n interessante kyk in die skeppingsproses by die digter. Totius

/bekla hier.......

---

1) Voorwoord, JAN F.E. CELLIERS: Kuns in Lewe en Kultuur.
2) JAN F.E. CELLIERS: Die Saaier e.a. Gedigte, J.H. de Bussy, Pretoria, 1923, 3de Hersiende druk.
3) TOTIUS: Skemering, Nasionale Boekhandel, 3de Druk.
4) TOTIUS: Passieblomme, Nasionale Pers Beperk, Agste Druk.

bekla hier menige sange wat hom ontgaan het. Sommige was nog ongebore „korrels graan", verse in embrio. Van ander sange het hy wel die ontkiemingswonder ervaar, maar toe het die „disteldoring" die „koringkiempies" verdring. Van nog ander het hy byna die finale vormgewing ervaar, maar net daarvoor verdwyn ook hulle „sonder vrug".

En so het hierdie sang, 'n „weemoedslied", ontstaan oor sange wat, terwyl dit in wording was, „langs die weg verlore" geraak het.

Die gedig Ek Wou My Ganse Digkuns Waag [1] staan lynreg teenoor Van Wyk Louw se verering van die Woord soos in Voorafgespeel. [2] Totius wou sy ganse digkuns waag om in klanke die „beelt'nis" van sy pyn vas te lê, maar hy vind dan dat hierdie „marmer" veel „armer" is as die pyn wat hy ondergaan. Daarom kan dit geen toevlug vir hom wees nie. Van Wyk Louw smeek egter die Woord:

> gaan oop vir my dat ek my in jou red
> met hierdie vrag van aardse sekerheid en pyn.

Vir Totius is die digter wel 'n siener, [3] maar siener-wees het vir hom 'n heel ander betekenis as die profeet-wees van Van Wyk Louw. Vir eersgenoemde is die digter die ‚beeldenaar' slegs by die „Gratie Gods" en 'n helder-siende van die mooi dinge van die lewe. Hy sluit selfopenbarend sy betoog af met 'n uitspraak van prof. Woltjer:

„Het begin en einde van alle poëzie is de ere Gods in het woord Hem toegebracht en door zijn schepsel." [4]

Leipoldt het die taak van die kunstenaar-siener dramaties vergestalt in Man Met Die Helm, [5] maar ook sy

/konsepsie van ......

---

1) TOTIUS: Passieblomme.
2) N.P. VAN WYK LOUW: Gestaltes en Diere, 2de Druk.
3) J.D. DU TOIT: De Dichter als ziener, uit P.J.NIENABER: TOTIUS, digter en profeet, p.229
4) t.a.p. p.235
5) C. LOUIS LEIPOLDT: Uit Drie Wêrelddele, Agste Druk.

konsepsie van die siener staan lynreg teenoor die van Van Wyk Louw. By lg. is die leier-kunstenaar hy,

> wat Bendes lei
> tot die brandende see agter die groot strome--[1]

Die kunstenaar moet met die wysbegeerte as grondslag die lewe <u>deurdink</u>. [2]

By Leipoldt was daar nooit 'n begeerte om,

> die golwe deur
> Te swem om die stil agterwater-groen
> Se sagte streling om my lyf te speur, .......

En verder,

> Dit was my wens nie deur die wand te skou,
> Die grendelvaste blindings oop te slaan,
> Dat vroeë môrelig met môredou
> Die lang-gesluite kamers in kon gaan.
>
> *************************
>
> Vir my was hierdie wêreld goed genoeg
> Soos ek as mens die wêreld het kom kry ---
> Die braakland bruin, nog vreemd vir eg en ploeg;
> Die boggel-koppies, wat die blou lug sny;

Vir Leipoldt is dit 'n vertroosting as hy net ,van' of ,oor' die natuur kan sing. Hy sing ,van die reën wat daar val' en ,van die wind wat tekeer gaan' omdat hy daaraan uiting <u>moet</u> gee, want,

> Soos 'n borrelende vink sy hart verlos
> Van sang wat opbruis en uiting moet vind
> As hy swaai op die tak van die swarthoutbos,
>
> *************************
>
> So sing ook die hart wat die skoonheid min. [3]

/ En verder, .......

---

1) N.P. VAN WYK LOUW: RAKA, 2de Druk, p.25
2) N.P. VAN WYK LOUW: Berigte te Velde, p.15
3) C. LOUIS LEIPOLDT: Slampamperliedjies, 2de Druk, p.25

En verder, [1]

Die windswaal sing--- nou, waarvoor moet hy /sing?
Vir jou en my? Nee, wragtie, vir homselwe----
Net om hy iets moet sê--- iets, iets, moet /bring!

En ek ook, soos 'n windswaal, maak my versies
Nie maar vir jou --- nee, glad nie, want ek weet
Jy hou mos nie daarvan nie--- jy wat trots is
Omdat jy dink jy het die wysheid beet.

Leipoldt is daarvan bewus dat hierdie spontane en noodwendige uitingsdrif nie deur die mense verstaan word nie, maar dit kwel hom nie (vgl. Op My Ou Ramkietjie). Hy voel hom wel eensaam, maar dit is nie die eensaamheid van N.P. van Wyk Louw „wat 'n bitter taak" moet dra nie en wat homself daarvan bewus is dat hy 'n geestelike leier is en as 'n geroepene 'n eensame plig het om te vervul nie. Leipoldt sing vir homself omdat hy nie anders kan nie. In Die Speelman [2] sing Van Wyk Louw

voor menige koning
in sy goue saal,

en nie net vir homself nie. Hy besef sy taak as digter en al behaal sy lied „weinig goud", bly hy deur die wêreld sing en vaar omdat hy as bewuste kunstenaar en geroepene dit „moet" doen. Leipoldt sing slegs terwille van die drang om te sing. Sy slordigheid in taalgebruik toon verder dat hy geen besondere agting vir die woord het nie. Nêrens formuleer hy enige eise t.o.v. die versvorm nie.

Twee persone is hul tyd reeds vooruit, nl. Marais en Preller.

Hoewel Marais hom nêrens in sy kuns oor die

/ digkuns...........

---

1) t.a.p. p.86
2) N.P. VAN WYK LOUW: Alleenspraak, 4de Druk. Die Speelman kan nie beskou word as 'n direk-liriese uiting nie. Hoewel nie hewig in spanning nie, is dit die voorloper van die latere dramatiese monoloë.

digkuns uitgespreek het nie, doen hy dit tog in resensies oor die werk van A.D. Keet, J.R.L. van Bruggen en Totius.[1]

Hierin openbaar hy hom as die bewuste kunstenaar wat ondeurvoelde poësie laak. 'n Goeie gedig is nie iets wat slegs uit drang gebore word nie, en word ook nie deur blote ‚inspirasie' uit die mou geskud nie. Die raad wat Marais aan die jong digter gee, is dié wat hyself toegepas het. Om 'n gedig te maak, „vereis meer tegniese bekwaamheid en seker meer arbeid. Dit kos altyd handewerk om alle spore van gesukkel uit jou werk te skaaf en weg te poleer."[2]

Marais is hiermee 'n voorloper van die digters van Dertig. Hy heg 'n besondere waarde aan „fyn en silwer woorde" en rymwoorde wat nie blote stoplappe is nie. Getuienis hiervan is die ontwikkelingsstadia wat Mabalel deurgemaak het.[3]

Preller stel hom op merkwaardige wyse nog meer bewus in op die mag van die woord. Hy hou nie van „afgejakkerde woorde ..... wat 'n sukkellewe bijmekaar gesweet het nie." In die uitbeelding van gedagte en gevoel, raai hy aan om te soek „naar die raakste woorde, en al die verslonste ou plunjes en toiens" weg te gooi.[4] Dit herinner sterk aan Van Wyk Louw se „min maar suiwer woorde" van later.

By die digters van die ouer generasie vind ons nie die intense belangstelling in die onvervangbare woord en die suiwerheid van vorm en klank soos by die digters van Dertig nie. Hul digterskap bestaan in die drang om uiting te gee aan 'n bepaalde inhoud: eie natuur, godsdiens, volkswee en die hoop op 'n beter toekoms. Daaroor spreek hulle hul uit wanneer hulle oor eie kuns of die kuns skryf.

/ $ 2. DIE TWINTIGER.........

1) Die Brandwag, 25/3/20; 25/5/20; 26/7/20
2) F.G.M. DU TOIT : Eugéne N. Marais, p.140
3) F.G.M. DU TOIT : Opstel in Perspektief en Profiel van P.J. Nienaber, p.305
4) Aanhaling uit ROB. ANTONISSEN: Schets van den Ontwikkelingsgang van Zuid-Afrikaansche letterkunde, p.98

$ 2. DIE TWINTIGER JARE EN DIE KUNS

Veranderde lewensomstandighede, politieke woelinge en ekonomiese faktore vanaf die inset van die Twintiger jare, het die Afrikaner se minderwaardigheidsgevoel laat afneem. Daar is nou nie meer die behoefte aan strydbare propagandistiese poësie nie, en in die lewenswyse is daar die behoefte aan spesialisasie en verskeidenheid van belangstelling. [1]

Ook die digter word 'n mens met 'n wyer wordende belangstelling, en daarmee kom die noodwendige groter bewuswording van eie kunstenaarskap en die rekenskap gee van eie kuns wat uiteindelik by Van Wyk Louw die indringendste en omvattendste sou word.

In die prosa van hierdie tyd merk ons die neiging dat kunstenaarstipes, indien nie hoofkarakters nie, dan wel belangrike karakters word. In Onder Bevoorregte Mense van Marie Linde is daar die sangeres, Adeline, en die skildertipe, Ben Maritz. In Langs die Grootpad van C.M. van den Heever, is Hansie fynbesnaard en kunssinnig. So ook Maria.

Ons maak nou in die poësie kennis met die worstelende digter, 'n ontwrigte lewensbeskouing en stryd en botsing in die gees van die digter wat tot kunsuiting aanvuur.[2] Waar Jan Celliers dit nog het oor sekere motiewe [3] wat buite sy eie gemoedslewe staan, word Toon van den Heever die introvert as hy skryf:

> Doop jy jou pen in 'n mensehart,
> Skryf jy jou skrif met 'n siel wat wroeg?
> Jou woord sal bestaan wyl 'n mense-oog
> By 'n mense-smart 'n traan kan voeg.[4]

In Op Knysna-strand[5] besing Fagan nie meer die natuur terwille van die natuur self nie, maar hy bring dit

/in verband.........

---

1) D.J. OPPERMAN: Digters van Dertig, p.13
2) E.N. Marais was die eerste Afrikaanse digter met „'n ontwrigte lewensbeskouing en stryd en botsing in sy gees". As sulks was hy sy tyd ver vooruit.
3) N.P. VAN WYK LOUW: Berigte te Velde, p.27
4) TOON VAN DEN HEEVER: Eugene en ander gedigte, 2de Druk, p.54
5) H.A. FAGAN: Soos die Windjie wat Suis, 1ste Druk, p.68

in verband met sy diepste sielelewe. Die mens word nou in sy gewone daaglikse lewe binne die geweldige dwarreling van die natuur gesien.[1] Die digter ken 'n siel,

> waarin oneindige gedagtes bruis en woel,
> en met die felheid van 'n stormgety,
> 'n uitkoms soek in enige digterstaal.

Hierdie natuursiening is van dieselfde aard as dié beeld uit Nagliedjie [2] van van Wyk Louw:

> treur ek soos die wilger, oor die
> waat're van my rou.[3]

Die natuur word hier nie meer objektief benader nie, maar op die innerlike betrek in 'n enge digterstaal.

Hoewel die kuns in die Twintiger jare hom losgemaak het van die ou motiewe-kuns en uiting begin soek het van die eie, individuele sielelewe en daar selfs 'n bewuste soeke na die skoonheid was,[4] het hierdie geslag geen nuwe styl geskep nie, ook nie met 'n hoë besef van 'n eie roeping as bewuste kunstenaars hul opvattinge oor die kuns geformuleer nie.

## $ 3. DIE DERTIGER DIGTERS.

Die geslag van Dertig onderskei hom in die eerste plek van die Ouer Generasie en die Twintigerdigters daarin dat daar 'n samehorigheidsgevoel[5] tussen die lede bestaan het, omdat daar 'n natuurlike verwantskap was: 'n strewe om die poësie van die patriotiese en plaaslike los te maak; 'n hartstogtelike belydenis van eie sielelewe; 'n verdieping in die Europese liriese kuns; belangstelling in wysgerige denkrigtings en 'n nuwe benadering van die liefde en die natuur. Maar bowenal was daar die besondere belangstelling vir die

/aanwending van......

---

1) N.P. VAN WYK LOUW: Berigte te Velde, p.27
2) N.P. VAN WYK LOUW: Alleenspraak, 4de Druk
3) Van hierdie natuursiening is Totius die voorloper, want hy sien reeds die natuur as beeld van sy sielelewe.
4) Vgl. Kleinjan met Lente-stemme
5) Saamhorigheidsgevoel impliseer nie 'n Beweging met vaste doelstellinge nie.

aanwending van 'n groot verskeidenheid kunsvorme: die liedjie, die sonnet, die lang gedig, die epos, die kwatryn en die beoefening van die vryere versvorm (die heffingsvers) om só beter uiting aan wisselende gemoedstemminge te gee.

Die digter word nou nie net van homself en sy kuns bewus nie, maar hy word ook bewus van sy hoë roeping en taak as kunstenaar. C.M. van den Heever stel dit as volg: „Die kunstenaar is geroepe vir 'n ander taak as die meeste mense weens sy gevoel vir vorm." [1]

Van die Dertigers is Van den Heever die eerste bewuste kunstenaar wat sy taak helder sien. In Die Nuwe Boord [2] praat hy van sy „digterswoord" (p.44) en sy „digtersdae" (p.65). Van besondere belang is sy artikels van 1925 in Die Volksblad, waarin hy daarop wys dat daar weinig gevoel vir skoonheid of letterkunde in Suid-Afrika bestaan en dat 'n ontwaking nodig is.[3] Hy lê veral klem op die skoonheid van die woord. Later sou Van Wyk Louw hom uitvoerig oor die mag van die woord uitspreek.

Maar ook in 'n ander opsig is C.M. van den Heever die belangrike voorganger van Van Wyk Louw as hy met [illegible] Nietsche praat van „'n aristokratiese ideaal in lewe en kuns, 'n oppervorm wat sy invloed na die massas kan laat deursyfer." [4]

In Die Digter,[5] wat gedurende 1931 geskryf is, wys Van den Heever op die kruis wat die kunstenaar in stilte dra, dat hy soos 'n pelgrim na 'n „vreemde stilte" vaar,

> waar hy, verlore pelgrim, kan verwyl,
> tot spot van ander, weemoed vir homself
> oor grense wat in ewigheid veryl ? ....
> Want teen die diepte van die tye staan
> dié mens deur wie oneindighede gaan ....

Hiermee getuig Van den Heever van sy geloof in die
/leierskap van.....

---

1) P.J. NIENABER: Afrikaanse Skrywers aan die Woord, p.176
2) C.M. v.d. HEEVER: Die Nuwe Boord, Amsterdam 1928.
3) P.J. NIENABER: Afrikaanse Skrywers aan die Woord, p.185
4) P.J. NIENABER: Afrikaanse Skrywers aan die Woord, p.187
5) C.M. v.d. HEEVER: Versamelde Gedigte, 1ste Druk, p.104

leierskap en eensame afsondering van die kunstenaar. Hy aanvaar die pyn wat kunstenaar-wees meebring, en is gewillig om vir sy kuns te ly. In 'n gedig wat in Die Boerevrou verskyn het, verklaar hy,

> ...............O digkuns, en sal hy
> wat u bemin, nog meer om u wil ly![1)]

In sy gedig Aan Keats word die lyding as noodsaaklik beskou vir die kunstenaar „deur wie oneindighede gaan," want juis dít maak hom die aristokraat wat bo die massas uitstyg!

> So kon 'n digter hom om skoonheidswil
> laat buig deur wrede lewenslot,
> maar so is ook sy leed in dood verstil,
> en is geword wie mens was, tot 'n god.[2)]

In Voor Die Nagwag Van Rembrandt kom hy tot die besluit:

> So leef die kunstenaar vir ewig nou,
> groot Rembrandt in sy oureool van goud,...[3)]

C.M. van den Heever is nie die bewuste leier van Dertig nie, maar hy is die eerste bewuste kunstenaar en daarom 'n belangrike voorloper wat in sy verse duidelik getuig van sy kunstenaarskap. Ook wat die woordkuns betref, pleit hy nie net in sy geskrifte vir 'n vernuwing nie, maar hy bring self die vernuwing in sommige van sy verse deur verassend-nuwe vorme, suiwerheid van klank en fyn plastiek.

Ons is van oortuiging dat Van den Heever veel meer aandag verdien as baanbreker van Dertig.

W.E.G. Louw is die algemeen erkende aankondiger van die Beweging van Dertig met Die Ryke Dwaas in 1934. Hoewel hy die besieler[4)] van Dertig genoem word, was hy tog nie die formuleerder van die eise wat hierdie nuwe kuns gebring het nie. Hy het die vernuwing in sy verse gebring,

/maar.........

---

1) D.J. OPPERMAN: Digters van Dertig, p.138
2) C.M. v.d. HEEVER: Versamelde Werke, p.107
3) t.a.p. p.78
4) D.J. OPPERMAN: Digters van Dertig, P.303.

maar het hom heel weinig doelbewus daaroor uitgespreek. Reeds lank na die vernuwing 'n voldwonge feit was, het hy saam met Van Wyk Louw gepraat van „het zuivere, naakte woord, zonder enige schijn of pretentie." [1] Hy betoog dan verder [2] dat die jonger geslag tot 'n fyner en nuwer begrip van die woord gekom het en nie meer tevrede met die haastige, ondeurdagte retoriese en onpresiese woord is nie. W.E.G. Louw konstateer nou wat reeds 'n voldwonge feit is en gee nie hiermee rigting aan nie.[3]

Van belang is egter die gedig Aand [4] wat reeds voor 1934 moes ontstaan het en wat merkbare ooreenkoms vertoon met Grense van Van Wyk Louw.[5] Die „woord" is hier reeds van besondere betekenis vir die digter omdat dit die vervulling bring van digterlike drange:

> In dié uur van drome deur die skemering,
> waarin my trae woorde om die grense
> van die woordloosheid, met yle, bleke tasting
> soos wind oor water, groei om die vervulling
> volkomentlik te vind van al sy wense,....[6]

In Soos Verwelkte Papawers [7] getuig W.E.G. Louw van 'n noodwendige uitingsdrif wat sterk herinner aan Leipoldt se „borrelende vink" wat uiting moet vind. Literêr is daar egter nog veel wat onsuiwer is in dié gedig:

> Soos verwelkte papawers hul blare rooi
> soos bloeddruppels grond-toe reën,
> so is my siel wat al sy smagte,
> verwelk, in versies uit moet ween,
> so snik ek die glansig-ligte blaartjies
> weg dat hul vry dryf in die wind,
> die druppeltraantjies, blinkgebore
> uit die stille hart van 'n oomblik se kind.

/In digters.......

---

1) W.E.G. LOUW: De Nieuwere Afrikaanse Poëzie, p.7 (1939)
2) t.a.p. p.35
3) Sy invloed as „besieler" in privaat gesprekke is nie hier ter sake nie. Ons hou alleen by skriftelike uitinge.
4) W.E.G. LOUW: Die Ryke Dwaas, 4de druk, p.70
5) Gedurende hierdie tyd was daar tussen die twee broers samewerking op literêre gebied.
6) Vgl. ook die belangrike Manifes aangehaal deur V.W. Louw in Lojale Verset, p.172
7) W.E.G. LOUW: Die Ryke Dwaas, 4de Druk, p.29.

In Digters [1] spreek W.E.G. Louw hom uit oor die goddelike roeping en taak van die digter. Hy getuig van die verguising wat vereensaamde kunstenaars van die massas, wat hulle nie begryp nie, moet verduur:

Toe ons vlamwit van God
gekom het, kon ons sing;
maar deur ons harte blink
kom die bleke daglig dring,
en is ons lied versmoor
in die gekkelag van haat
in die markplein en op straat.

Met hierdie enkele uitlatings oor eie kuns toon W.E.G. Louw homself as die Dertiger wat besondere belangstelling het vir die „woord" en wat as kunstenaar 'n eensame en smartlike taak te vervul het.

Uys Krige spreek hom nie oor die kunstenaar en die „woord" uit nie, maar wend die woord aan en het die verering daarvoor soos die ander Dertigers. In Tram-ode is die effek, wat hy met doodgewone eie-name bereik, besonder treffend:

Die laaste stasie voor my tuiste het die mooi /Kaffernaam: Waku,
Tierra del Fuego, Tristan de Cunha, /Put-zonder-water,
Kilimandjaro en Ruitersbospas,

En die Brahmapoetra en Baardskeerdersbos ....
O Aldarin: o name, o versugting!
Op Meyerton in die Transvaal
wil ek weer hoor hoe klink my taal
skoner, welluidender as Provencaal.....

Reeds in 'n jeugvers het Krige hom geesdriftig oor

/ die klank van.....

---

1) W.E.G. LOUW : Die Ryke Dwaas, 4de Druk, p.26

die klank van woorde uitgelaat: [1]

Die woorde borrel op in my,
Hul kom vanself; ek kan nie swy.
Die klankevloed oormeester my,
Dit is spontaan; ek kan nie swy.

Sedert sy studentedae het I.D. du Plessis geskryf oor „The Charm of Words," en die mag van die woord. Hy het later ook verskeie credo's van sy kunstenaarskap opgestel. In Skermutseling en Skote (p.7) praat hy van,

Die koue lem vir hulle, die vlymskerp Woord vir my.

Hy spreek hom ook as volg oor die kunstenaar uit, (p.11, 13)

Dié kudde wat jou uitinge so letterlik aanvaar ---
Is dit die moeite werd om jou bedoeling te verklaar ?
Gaan liewer groot en eensaam langs jou /self-gereëlde baan,
Eers later sal hul dieper dring en jou /miskien verstaan.

Nêrens is hierdie uitsprake oor kuns en die kunstenaar egter diepgaande nie, of getuig dit van enige leierskap nie.

As verteenwoordigster van die vroulike in die poësie wil Elizabeth Eybers nie rigting gee aan die kuns nie. Alhoewel sy in enkele gevalle haar wel in opstelle of poësie oor die kuns uitspreek, wil sy daarmee nie kultuurleier of geestelike leier wees nie.

In hul uitsprake oor eie kuns het die Dertigers die belangrikste aspekte van die vernuwing beklemtoon: die emansipasie van die kunstenaar, sy eensaamheid, sy afsydigheid van die gemeenskap, die pyn en vertwyfeling van sy kunstenaarskap en sy taak as digter. Die hoë

/besef en volle...

---

1) D.J. OPPERMAN: Digters van Dertig, p.259

besef en volle begrip van hul taak as geroepenes, lei tot intense belangstelling in die woord, die enigste uitingsmiddel van die digter. Met hierdie belangstelling in die verskuns kom ook die uitsprake oor die magiese funksie van die woord waarmee „huiweringwekkende verskiete" oopgeslaan word. Die woord word die brug wat na die skoonheid lei.

In hierdie dampkring is N.P. van Wyk Louw die sentrale figuur, die mees bewuste kunstenaar wat sy taak as leier en denker die helderste sien, die digter wat homself volledig verantwoord oor die woord as uitingsmiddel in die heilige erns waarmee hy die digkuns be-oefen.

4.

## $ 4. N.P. VAN WYK LOUW AS GEESTELIKE LEIER EN DENKER.

'n Vreemde vlam van woorde klim,
'n verre bewing, bo die kim
van hierdie blanke stil bestaan,
waar ek my grote Godsweg gaan
verlore tussen lug en kim.

Dit is N.P. van Wyk Louw se oorwoë mening dat dit vir die digter noodsaaklik is dat hy hom op die aard van sy ambag sal besin en dat die besinning streng op eie ervaring sal berus. Hierdeur word die digter ook literatuurleier. 1)

(a) Raka: Diep onder die besef van die vervlakking van die lewenswaardes van sy tyd, van die opkoms van die massamens en sy heerskappy op politieke en geestelike gebied, kom van Wyk Louw in opstand teen alle massawaardes, 'n massakultuur, 'n massamaatstaf en die massamens. Hy stel hier teenoor die aristokratiese lewenshouding wat geen afsydigheid inhou nie, want dit is in wese niks anders nie

/ as 'n verant- ......

1) N.P. VAN WYK LOUW : Die Digter as Intellektueel, p.7

as 'n verantwoordelikheidsbesef teenoor jouself. Dit is,

> die stel van die swaarste taak aan die mens self: die lewe na die innerlike wet van jou wese; dis die weerbaarheid teen massawaardes; dit is die erkenning van die eensame taak om die geestelike skatte hoog te hou en veilig deur die massa te dra. [1]

Die „weerbaarheid" van hierdie lewenshouding verleen iets soldaatagtigs daaraan, maak dit strydbaar en sonder die mens af „in streng afsydigheid in die opgaan van die werk self..." [2] Hierdie afsydigheid beteken egter nie dat die digter hom afgeskei en afgesluit van die gemeenskap hou, soos wat F.E.J. Malherbe beweer nie.[3] Inteendeel. Die digter sien homself met hierdie taak in diens van die gemeenskap omdat hierdie vorm van individualisme hom geensins van die gemeenskap afkeer nie:

> Dit is 'n lewe binne die gemeenskap, maar gedurig op die ewige, geestelike waardes daarbuite gerig.[4]

In die hooghou van die ‚geestelike skatte' is die taak van die leier eensaam en sonder loon of eer. Daar moet ook geen uiterlike leierskap wees nie, maar deur onverbiddelike eise en deur sy werk moet hy 'n vastigheid binne die tyd bou wat daar sal staan as die ander dinge reeds verby gespoel het.[5] Dit is ook van belang dat Van Wyk Louw verklaar dat in die hooghou van die geestelike lewe die leier nie „onbesoedeld" daaruit sal kom nie, maar dat hy littekens aan hom sal hê.

In die grondkonsepsie van Raka vind ons hierdie opvatting oor 'n aristokratiese lewenshouding in 'n groot mate terug. Louw se opstelle oor 'n aristokratiese ideaal

/bevat die........

---

1) N.P. VAN WYK LOUW : Lojale Verset, p.34
2) t.a.p. p.35
3) F.E.J. MALHERBE: Aspekte van Afrikaanse literatuur, p.124
4) Lojale Verset, p.35 en 36.
5) t.a.p. p.109

bevat die kiem wat later in RAKA volledig uitgewerk sou word: in die kultuurlose gemeenskap is Koki die leier (digter) wat dit as sy taak het om sy gemeenskap se „geestelike skatte" veilig deur die lewe te dra. Koki se taak is eensaam, hy ontvang daarvoor geen loon of eer nie, en hy sneuwel in die stryd.

As Koki sy stam wys op die gevare wat Raka vir hulle inhou, is sy eerste vraag:

> ........................Ken Raka, hy,
> die sterk dier, ons fyn, fyn net
> van die woord, waarmee ons blink en
> vet visse uit baie waters haal? 1) (p.21)

Hy stel dus die retoriese vraag of Raka die verfynde van die kultuur in hom het waarmee hy instaat sou wees om as leier (soos die stam hom wil beskou) „uit baie waters," uit die massawaardes, alleen die enkele, helder dinge af te sonder om daar volgens die gemeenskap te lei.

Teenoor Raka se woordeloosheid het Koki se woord „vuur geslaan uit hulle koue klip."

In die stam se skreeuende reaksie op sy „vuur," sien Koki die tipiese massagees wat net waarde aan brute krag heg en by wie die betekenis van sy woorde begripsloos verbygaan. Toe die „vuil geskreeu" daarop tussen die roke rys, het Koki sy taak as leier helder besef:

> ........... dat hy altyd eensaam met sy vrees
> om kosbare dinge tussen hulle sou wees.

As die vroue dan kort daarna die vrees in die harte van die manne merk, glo hulle finaal aan Raka, en keer hulle vergoed die rug op Koki: die vereensaamde leier wat die pad terug nie ken nie, wat sy „bitter taak" bo 'n „soet lewe" verkies, 'n heilige roeping in diens van die gemeenskap:

/Net Koki, .......

---

1) N.P. VAN WYK LOUW : Raka, Nas. Pers, Tweede Druk, 1943.

Net Koki, hoog en eensaam,
het in 'n nuwe dans stil begin gaan
die pad wat geen mens terug kan loop!
die dans van dié wat sterf en geen hoop
meer wil hê in die soet lewe, 'n gang
soos van die stil sterre wat bokant hang
elke nag, die Wit Blom van die Skemer, en Hy,
die Blou vuur in die Hond, wat Bendes lei
tot die brandende see agter die groot strome--
hy het lig en binne 'n enkele droom
tussen die bruin volk gewandel, tussen staar
/en vrees; (p.25)

Koki beskou homself dan as die geestelike held, 'n leier wat sy eensame taak besef, dit aanvaar, en „stil die kruisweg gaan."

geen woorde wou hy meer laat tot 'n las
op die harte wat aan Raka glo. (p.34)

In die lied van die oudste van die stam se vroue, beween die digter dan die toestand van reddeloosheid waarin 'n gemeenskap verval as dit die leiding van 'n geestelike leier moet ontbeer.

Dit is alleen die aristokratiese mens wat kan verhoed dat Raka 'n gemeenskap besoedel. Sonder die leier lê die gemeenskap oop vir vervlakking:

En nou het sy die lied stil en laag gehou:
van die verlore menslikheid; van die klein
/kraal
wat in die swart bome lê en snags straal
met sy vure; en sy't geklae: wie hóm nou sal
/red
teen die groot dier wat wag, wié sal belet
dat hy inkom en heers?

En stiller en sagter:

/dat die...........

dat die skoonste gesterf het, dat die /edelste wagter
koud lê langs sy vuur, en sy stam lê oop

soos 'n ou kraal in die gras waar die jak- /kalsies loop
deur die riete bedags. (p.43)

Hoewel ons in Koki die digter herken in sy taak teenoor die gemeenskap, kan hy ook die prototipe van alle kultuurleiers wees.

b) Alleenspraak: Tot voorbeeld van Ons is die Geeste wat dwaal, (p.45) het Van Wyk Louw A.W.E. O'Shaughnessy se ode,[1] „We are the music-makers," gehad. Van Wyk Louw het egter 'n veel sterker siening van die digter se irrasionele aard, maar veral sy taak: hy is rusteloos omdat hy dwaal en bereid is om tot by die uiterste grense van die denke te gaan verken.

As O'Shaughnessy digters tipeer met,

Yet we are the movers and shakers
Of the world for ever, it seems.......

sê Van Wyk Louw,

want geeneen wat die droom in ons oë
gelees het,
sal rus of ooit wéér wees
soos hy gewees het.

Verder klink die digter se lied op van al die terreine vanwaar hy verkenningswerk gaan doen het, van die „blomme, en wolke en sterre" af. Die digter is afsydig, want die mense het hom verlaat nadat hy tussen hulle beweeg het. Hierdie mense verkies die soet lewe want hulle ken nie die hartstog van liefde en haat nie, m.a.w. hulle is alleen die rasionele bestaan met sy versigtig gebaande weë deelagtig.

Vir O'Shaughnessy is die digter afgeskei van die /gemeenskap,........

---

1). F.T. PALGRAVE: The Golden Treasury, Oxford University Press, Jan. 1940, p.474.

gemeenskap, maar nie omdat hy 'n irrasionele wese is nie:

But we, with our dreaming and singing,
Ceaseless and sorrowless we!
The glory about us clinging
Of the glorious futures we see,
Our souls with high music ringing:
O men! It must ever be
That we dwell, in our dreaming and singing,
A little apart from ye.

Van Wyk Louw stel die taak van die digter, veral die invloed wat hy op sy tyd en tydgenote het, veel skerper: wie die „droom" in die digter se oë gelees het, maak hy rusteloos of minstens anders as wat hy aanvanklik was. Die digter het dus die vermoë om sy tydgenote die lewe irrasioneel te laat ervaar.

Verder is die digtersbestaan, soos in sy werke, tydeloos en soos die vrou in Die Dieper Reg die bloed is,

...............wat deur die jare gaan,
geslagte aan geslagte bind,

so bind die digter,

............... die môre, die dag
aan jare
en vloei deur die tyd soos bloed
deur die are;

Hierdie laaste versreëls uit 1928 oor die taak van die digter, bevat dus in kiem dieselfde gedagtes wat later in Die Dieper Reg uitgespreek word, synde die taak van die vrou. By O'Shaughnessy dien die „breath of our inspiration" dieselfde doel as Van Wyk Louw se „bloed wat deur die jare gaan":

A breath of our inspiration
Is the life of each generation;

Chronologies gesien, is Ons Is Die Geeste Wat Dwaal een van Van Wyk Louw se eerste uitsprake oor sy kuns. Dit bevat belangrike beskouinge oor die aard en wese van die digter, opvattinge wat hy later in sy opstelle en poësie vollediger en skerper sou aandui.

As geestelike leier moet die digter nie bevrees wees vir die „swaar stryd van die denk" nie,[1] want alleen literatuur vir die massa eis geen intellektuele inspanning nie. Vir Van Wyk Louw is daar in elke kunswerk „'n staalharde struktuur van die denk verborge" wat die neerslag is van 'n „eerlike, strenge deurdink van die moderne lewe. Die wysbegeerte van alle tye moet die grondslag van die kuns wees, van die deurdink van die lewe.[2]

In Berigte te Velde dui Van Wyk Louw die aard van sy denkwyse noukeuriger aan deur die eis te stel dat die digter homself „onmiddellik teenoor die dinge sal stel waarvan hy skrywe, dat hy alles wat bykomstig en toevallig aan homself is, (sal) afstroop." [3] Hierdie afstroping van die persoonlikheid om só deur te dring tot die essensiële, is deel van die digter se irrasionele lewensiening en onontbeerlik vir sy digtersbestaan. In verskeie gedigte het Louw hiermee tot die uiterste geëksperimenteer, o.a. in Ballade van die Drinker in sy Kroeg en die Swart Luiperd. X

Reeds in 1936 het Van Wyk Louw dit as 'n vereiste gestel dat die digter „onskuldig en vol verwondering soos die eerste mens teenoor die wêreld (moet) staan, want alleen dan kan die dinge as't ware self deur hom praat." [4] Reeds voor 1930 het hy die irrasionele siening van sy digterskap in Rondloper as volg tipeer:

> Die vrou loer oor die agterdeur,
> die kinders kom so stil en kyk,
> want hy't die oë van 'n kind
> wat nou eers na die dinge kyk.

/Deur die ........

---

1) N.P. VAN WYK LOUW: Berigte te Velde, p.15.
2) t.a.p. p.15
3) t.a.p. p.66
4) t.a.p. p.66

Deur die verwerping van die rasionele kan die digter só sien, en vol verwondering en eerbied kan hy hom dan stel voor die onbegrepe verskynsels van die lewe. Ook die eenvoudige en ongekompliseerde dinge kan dan „sterk en helder" word.

Die grondkonsepsie van die gedig <u>In Waansin Het Ek Gevra</u> (p.20) vind ons terug in 'n opstel wat lank daarna geskryf is [1] en waarin Louw homself as volg oor die irrasionalisme uitspreek:

> Die twyfel aan sy eie krag en aan sy reg, waarvan ek gepraat het, is by die kunstenaar die bewys dat hy geestelik gesond is. Alleen die waansin twyfel <u>nooit</u> daaraan of hy gelyk het nie;

Die digter het dus in waansin gevra vir,

> .......... die vrede van die ster,
> om bo die berge stil te woon,
> die wêreld onder dof en ver.

In 'n vlaag van rasionalisme wou hy

> .......... U liggaam sien en gryp,
> ek wou die see vang en my net;
> ek wou U Mag vang, vang en bind
> met die koperkettings van my wet.

Maar dan kom hy juis soos 'n Schestow hierteen in opstand. Hy aanvaar die irrasionalisme en smeek om vergifnis dat hy so dwaas kon wees:

> Vergeef die wilde dwase bee ----
> O God, hoe kon ek wyser wees?
> Maar, moet U vlam my voorkop kroon,
> ek neem die glorie en die vrees!

/Hy bid dan ..........

---

1) Lojale Verset, p.188.

Hy bid dan verder,

O God, vir my die wilde sin,
die oë wat hul waansin noem,
om wat ondenkbaar is, te dink,
en wat onmoontlik is, begin.

Hy bid ook om die „kruis en doringkroon," die „soek wat nimmer vind" en die „sterre sonder wet." Die besef van geroepenheid, die nimmer-eindigende soeke, die trots om sy hoë roeping en die daarmee gepaard gaande besef van nietigheid is almal trekke wat in die latere werk van Louw terugkeer.

In die laaste strofe word hy die man wat hom geroepe weet om die profeet [1] van God te wees, selfs met God in die geding te tree, die man wat besef dat hy die taak van sy digterskap alleen deur die irrasionalisme kan volvoer. Hy word ook bewus van die onmoontlike vir hom, hy wat met Gods vlam gekroon is, om Sy wet te verbreek. Hy word bewus van die vloek en seën van profeet-wees:

Daar is één heerlikheid: U sien;
daar is één rus: om U te soek;
om nie te weet --------- dit is U seën;
om te vind [2] --------- dit is U vloek.

Die gedig <u>Ek het die aarde nie gesien</u> (p.9) is die resultaat van die verdieping in die wysbegeerte, die te veel besighou met abstraksies, want die digter wou sien

............wat geen mens mag sien,
en wat geen mens begryp, verstaan.

Die denke bring dus 'n vereensaming wat die digter aanvaar met al die onrus en verskrikking daarvan, wetende dat dit die beskore lot van die geroepene is. Hy aanvaar dit in die krag van die geloof en maak dit die geloof self.

/In sy onsekerheid ......

---

1) Vgl. <u>Die Profeet</u>, <u>Die Doper in die Woestyn</u>, <u>Lucifer</u>, e.a.
2) d.i. die rasionalisme.

In sy onsekerheid oor wat die mens se deel en doel is, slinger Louw in Skreeu (p.5) die „oerkreet van alle dinge" die sterre in. Hy is uitdagend, want hy doen dit met „tarting." Uiteindelik klink nog net die smart van die vereensaamde profeet „ylweg langs die steiltes."

In een van die sterkste verse van Alleenspraak kom Van Wyk Louw in My venster is 'n blanke vlak (p.8) tot verrassende helderheid oor sy digterskap: voor die venster (van die ewigheid?) wag hy op die „magiese deursuiwering" van sy „duistere wense." Hy wag daarop dat sy siel deursigtig sal word om op te glans in „eindelose vergesig," maar veral wag hy dat,

.............my verlore dae in my,
in hierdie stille skemering
hul vorming en gestalte kry, .........

Dit is hierdie eensaamheid van profeet-wees wat die vervulling bring van die „duister wense" en dit „deurstraalde sin" maak:

tot ek my eensaamheid besit,
volmaak, as kosbare gewin,
van duister wense en van smart
die uiterste deurstraalde sin.

c) Die Halwe Kring open met 'n Opdrag (p.1) aan die digter: die aanvaarding van 'n hoë taak. Die digterskap van sy jeug het veel vreugde en leed gebring, maar om aan 'n voller en ryper lewe vorm te gee, het die digter „nuwe woorde" nodig. Hierdie lewensdrang voer langs „hoër kouer paaie."

Maar die „nuwe dag" van sy digterskap het nog nie gekom nie, want in Voordag (p.2) wag hy nog steeds op die koms van die skoonheid. In die wag op die vernuwing word hy bang en altyd banger vir die aanbreek van „iedere dorre dag." Vertwyfeling doen hom voor in hierdie tyd van „droom- en dadelose ure" (Die Verslaene, p.3), want die vraag is of dít alles nou die einde van sy digterskap is en of dit tóg die begin van 'n nuwe groei kan wees. Met

/'n uiterste .........

'n uiterste eerlikheid bely die digter hier sy eie vertwyfeling oor sy digterskap in ooreenstemming met 'n belangrike eis wat hy aan die literatuur stel: dit moet 'n spieël wees van alles wat in die digter omgaan, wat hom roer. 'n Uiterste eerlikheid is daartoe 'n voorvereiste.[1)]

Na Aanraking van die Dood (p.24) het die nuwe lewe gekom, want,

....... toe die vrees gewaai het van my oë
het alles nuut gestaan, van vreemde smart
deuraar en diep verbind deur alle tye;
groot liefde was in my, en mededoë,
en wete van die duistere in ons hart,
want alles was deurweek van sterflikheid.

Die vernuwing van sy digterskap bring versoening, want na die vrees

„vir iedere dorre dag,"

is daar nou „groot liefde" en „mededoë."

Met 'n vitalistiese geloof in sy leierskap het Van Wyk Louw hom nêrens so hewig oor sy taak en geroepenheid uitgespreek nie, as in die gedigte van „Die Halwe Kring" wat handel oor die aristokratiese ideaal. Hy het die helder wete:

dat jy geen deel aan hul begeertes het
en rein van ál hul deug en wysheid staan,
maar dat jou wit woorde soos veroweraars gaan
en vir hul bestes word tot harde wet:
Sluit toe jou Hart, P.25

Soos 'n Nietsche staar die digter met „ligte en blinde oë uit die duister volk," daar waar die „ligskuim van jou (Nietsche se) baan nog waai."

Hoewel die „soldate-liedere" in wese die geuse-liedere van die moderne Afrikaanse Nasionalis genoem mag word, is dit nie 'n nasionalisme wat tot een gebied of tyd beperk is nie; maar meer nog, ons vind hierin ook veel belydenis van eie digterskap.

/Ons moet .........

---

1) Berigte te Velde, p.13 en 14.

Ons moet die bitter Taak (p.50) kan betrekking hê op alle uitverkorenes tot die stryd. Maar in besonder geld hierdie opdrag vir die digter, want hy loop 'n „vreemde pad" wat nie begryp word nie. Hoewel hy homself afgeskei voel van die massa, bly hy hom „diep verwant" voel aan „hul blinde pyn."

Hier is dus nie 'n individualisme soos van die Tagtigers wat 'n opsluit in „ivoren torings" eis nie, want die digter se taak is om,

> ........die Edele
> en Kosbare veilig deur die skare (te) dra.

Na Aanraking met die Dood het die nuwe lewe en rypwording vir Van Wyk Louw gekom. In sy kuns het hy „nuwe woorde" gevind; daarom kon hy in 'n gees van versoening afsluit.

In Vier Gebede by Jaargetye in die Boland is die herfs vir hom 'n tydperk van vervulling en rypwording en nie die tyd van verbygaan of die einde van sy digterskap nie. Daarom is daar 'n „namelose vreug" in hom, want in die wêreld waardeur hy dwaal, kry dinge daagliks hul vervulling:

> die vleie staan weer soggens vol, en wit
> van waterblomme; en skeemrings wit soos graan
> wat die rykheid van veel somerlug besit,
> kom oor die geel boorde en stoppellande aan.[1)]

Tog mymer hy oor die smart van sy digterskap en die nuwe woorde wat dit bring, want hy vra:

> waarom die smart wat nou stilweg skryn,
> en hierdie preweling van nuwe woorde,
> dié gemis? Is alle wording pyn,
> en alle bid die tas van ons verstoorde
> hart na nuwe name vir die leed
> van die wondere uitbloei wat hy in hom weet?
> Uit hierdie ligte Herfs (p.64)

/In dankbaarheid.......

---

1) Eie kursivering.

In dankbaarheid sluit die digter met Eerste Sneeu (P.66)af, want „alles het gekom."

d) Gestaltes en Diere: Die aanvangsreëls van Vooraf Gespeel is andermaal 'n besinning op eie digterskap: terwyl hy eensaam onder die skepping staan, groei in die digter die sekerheid dat hy met sy gees die heelal kan beheers. Soos die vloedgolf van die see alles kan vul, so kom in hom die sekerheid van sy kunstenaarskap:

> 'n verklaarde sekerheid waarin
> my hart, my pyn, my wete
> en die swart glans van die see, die blou-wit ster,
> verbind is en verduursaam bo o
> hul mooi en droewige vlugtigheid.

In „die swart glans van die see, die blou-wit ster," herken ons die Hegeliaanse konsepsie van die donker drif teenoor helder wete, die twee pole waartussen sy kuns beweeg. In Renboot stel Van Wyk Louw dit as volg:

> My vaart is wankel ewewig
> tussen swart see en hoë lig.

In die spanning tussen hierdie twee pole word die kuns tydeloos en word die skoonheid gebore. Elders 1) stel hy dit as volg:

> Dit is die moeilik begrypbare aan die skoonheid: dat hy binne die lewe staan en daar bo uit rank.

In Ballade van Die Sterwende Man (p.9) is dit juis hierdie twee pole wat tot versoening stem:

> Alleen my vreugdes staan vir my
> soos bloekoms teen die lug gery,
>
> diep in die grond, hoog in die wind,
> aan alle skittering bo verbind:

/Die spanning..........

---

1) Lojale Verset, p. 92

Die spanning tussen hierdie twee pole ontwikkel egter ook vaart, onrus en vrees (vgl. Strandjutwolf p.20). 'n Volle skoonheid van die lewe kan dus alleen groei uit die geweldadige, die sonde, pyn, ekstase en die hele vreemde spel van mens en aarde.[1]

In Ballade van Die Bose (p.16) word hierdie konsepsie veel vollediger uitgewerk, maar nie op eie kuns betrek nie.

'n Laaste uiting oor eie kuns in hierdie bundel vind ons in die laaste strofe van Ballade Van Die Visser Op Land In Die Nag (p.15), waar die digter in 'n gebedstoon die „Gees van die Nuwe Krag" smeek om nuwe besieling vir sy taak as kunstenaar om dan,

> .....................ver van kus of ree
> in die golwing van 'n nuwe see
> my duister nette (te) hang.

e) NUWE VERSE: In Nuwe Verse spreek Van Wyk Louw homself nog steeds dikwels en dringend uit oor sy digterskap. Sy uitsprake getuig nou selde van 'n weerbare lewenshouding en die fel, hartstogtelike stem van die stryder wat sy „Kosbare en Edele veilig deur die skare dra" is nou gedemp, alhoewel nie verstil nie.[2] 'n Versoende besef van sy kunstenaar-wees klink ook dikwels op.

In Spieël en Venster in die Nag (p.6) wonder die digter of hy nie in hierdie bitter lewe 'n slagoffer van die roem gaan word nie. Die kunstenaar reik na roem en „gryp nou alles aan wat speels en blind en groots kan wees." Maar hierdie speel met roem, is net 'n ontvlugting en verberging van eie vrees, want,

> O hart, jy....................
> ..... sluit jou teen die barre maan
> en wurg jou eie vrees.

/In 'n gedig..........

1. t.a.p.......p.93
2. Die Beiteljie is hier wel 'n uitsondering.

In 'n gedig (p.10) wat vroeër [1] die titel Kassandra gedra het, is die digter (nie net Van Wyk Louw nie) self aan die woord. 'n Flou naklank klink op van die stryder wat eens heftig in verset gekom het teen alle massawaardes, die geestelike held wat 'n eensame stryd gestry het en wie se woord „vuur kon slaan uit koue klip." Die toon is nou somber, selfs pessimisties, want die vraag doen hom voor of dit vir die digter nog nodig is om iets te sê,

in hierdie land
wat luid van alle stemme is
en blink en brand?

of, waar die goue lug al lank
die aasvoël dra,
koud 'n gedoemde waarheid weet
wat niemand vra?

In „hierdie land" heers reeds 'n geestelike dood: dit baat die digter dus nie om 'n boodskap te hê waarin niemand belang stel nie.

In die volgende gedig (p.11) hou hy sy oog nie meer op die gode gerig nie, want hy voel hom nie meer verhewe en heilig nie: „ek dink nie vroom." Hy kom tot die pessimistiese besef dat die mens in sy beperktheid meer het aan die tasbare dinge van die lewe as aan die geestelike waardes wat die digter met sy woord kan bring:

ek ken die laaste groot droom van my ras
-- my oë kan die sterreplas nie peil,
   en meer as Bloed, ja, is Betekenis --
   maar bloed is sigbaar, en die woord is yl.

In 'n ontroerende belydenis oor eie kunstenaarskap mis ons in die eerste „Ambag"-sonnet (p.13) weer daardie fel strydende toon van vroeër. In diepe besef van eie swakhede as mens en kunstenaar, is daar nie vir hom plek „naby die helde wat hierdie lewe heilig nie." Daar klink wel 'n weerbare toon op as hy praat van „hierdie kuns van ons"

/maar aggressief.......

---

1). Standpunte, No.8, p.67

maar aggressief en strydend is die digter nie meer nie.

Alhoewel hy 'n man van toorn en trots was wanneer dit sy werk gegeld het, het hy tog nooit met trots daaroor gepraat nie. Hy kom dan tot die innige versoening:

dat hierdie kuns van ons ná aan God woon.

Hy beskou sy kuns as iets goddeliks;

Ek ken my hart en weet hoe boos hy is,
met min geseënde dinge. Miskien ook wéét
ek skaars van hom: hoe sy geheime lis
ontrou 'n ander naam gee en vergeet.
Plek is daar nie vir my naby die helde
wat hierdie lewe heilig nie. Maar dít staan:
trots het ek nooit gepraat, en toornig selde,
oor werk van my, of smaad my aangedaan.
En tog was ek 'n man van toorn; en --
êrens in my was 'n seldsaam trots:
besit, betwis, verloor en truggewen,
-- penwortel, messelklei, geweer, of rots--
'n sin self toornig, heersend en vol hoon:
dat hierdie kuns van ons ná aan God woon.

Met die tweede „Ambag"-sonnet (p.14) is Van Wyk Louw weer terug in die sfeer van Gestaltes en Diere toe hy as digter in die domeine van die onderbewuste lae van die gees beweeg het:

ek roer 'n vin
deur goue waterwortels, moer en bel,
en sien die buiteglans maar ken dit nie.

In trots en helder bewustheid van sy taak wil hy weinig woorde oor hierdie verhouding met God laat hoor. Maar aan ander dinge wil hy wel uiting gee: ons swakheid en „wankele bestaan," wat „die swaarste hoeke afgrond toe laat sink." 1) Hierdie domeine van die onderlae van die

/bewussyn kan nog.......

---

1) Vgl. hierdie beeld met die vroeëre: „in die golwing van 'n nuwe see my duistere nette hang."

bewussyn kan nog 'n voedingsbron van sy digterskap wees, want daarvandaan kan hy nog iets ophaal,

............wat ryk is soos die sin
van daardie woord van God in die Begin.

Aan 'n Uroloog (p.33) is ook 'n „Ambag"-gedig. Die digter het die gawe van die uroloog om die „sober draf" van die „son-dronk dinge" af te skei en daardeur vorm te gee aan die lewenservaringe van die mens, die „fyn-geparste, blonde vrug."

Digter (p.34) is 'n geestige siening van die skeppingsdrif van 'n digter: die Oordeelsdag sal die kunstenaar slapend vind langs Ydelheid, sy „soet vriendin." Onbewus van wat die gevolge van sy daad gaan wees, het hy daarmee voortgegaan totdat hy met verbasing naas hom in 'n wiegie die resultaat ontdek: „'n Rym, ons ongekerkte kind."

5.

$ 5. DIE DIGTER EN SY VERSKUNS:

In sy rede oor Die Digter as Intellektueel [1) ] verwerp N.P. van Wyk Louw subiet Mallarmé se uitspraak dat 'n mens nie verse van gedagtes maak nie, maar van woorde. Dit wat die digter sê, ervaar, aan glo en na verlang, is van primêre belang terwyl hy sy tegniek as vanselfsprekend aanvaar, soms selfs vergeet. [2)] Hy ontken wel nie dat die digter hom aan die swaar eise van die denk kan onttrek en tog 'n groot digter kan wees alleen deur sy gevoelslewe te verwoord nie; maar selfs dan is hierdie gevoelens nie individueel nie, nie uitsluitlik van binne na buite gerig nie, omdat selfs die intiemste gevoel gekleur is deur die „ kyk op die wêreld wat ons het."

Die digter onderskei hom van sy tydgenote deur die

/drang te hê.........

---

1). Die digter as Intellektueel, S. Gravenhage., 1950. Die keuse van hierdie onderwerp as intreerede, getuig van 'n durende belangstelling in die kunstenaar en sy werk.
2) t.a.p.....p. 8 en 9.

drang te hê om wat hy „aan insig in die werklikheid verwerf het, tot 'n tydelose gestalte te vorm." Van hierdie vormgewing getuig Van Wyk Louw dat dit so spontaan kan kom dat hy slegs kan sê „.......dit kóm, ek maak dit nie."

Maar dit gebeur nie uitsluitlik so nie. Dikwels kom ook „variante" in sy gees op wanneer hy dan soos die kritikus en literatuurwetenskaplike elke klank, klankkombinasie, woord of frase moet beproef, „hy deurskou die funksie wat elke onderdeel, tot die kleinste onderdeel toe, in die geheel het; vergelyk die moontlikhede wat hulle voordoen, met mekaar; hy kies uit almal een wat sy gedig sal word." [1)]

Hiermee erken hy dus die redelike inslag van die vormgewing, 'n doelbewuste instel op die magiese funksie van die woord, 'n selfs oorheersende belangstelling in die woord as draer van die denke.

Reeds in 1936 het Van Wyk Louw in die openbaar verklaar dat met volmaakte tegniek 'n mens miskien swak literatuur kan kry, maar dat jy daar sonder nog nie eens die begin van 'n gedig het nie. Alleen inspirasie <u>en</u> vorm kan 'n kunswerk maak en om groot kuns te lewer, „sal ons skrywers die streng selftug moet aanvaar totdat ons in mooi woorde naakt en deursigtig alles in ons volkslewe kan sê."[2)]

Hierdie eerbied vir die woord word vir die eerste keer in praktyk gebring in die verruklik-fyne landskapskildering, <u>Dennebosse</u>, die aanvangsgedig van <u>Alleenspraak</u>. Nie net in toon en atmosfeer nie, maar ook wat woordkuns betref, was dit iets heel nuuts in Afrikaans.

In sy verse het Van Wyk Louw die funksie van die woord as 'n uitingsmiddel skerp gestel.

In <u>Grense</u> (p.2) wil sy siel „met al sy donker wense"

/.......die heilige, .....

---

1) t.a.p....p.6.
2) Toespraak op Stellenbosch: Berigte te Velde, p.9

...........die heilige, nooit-gehoorde
dinge sê, waarvoor die mens-
huiwer, en wat om die grense
flikker van my duister woorde.

Die woord is 'n wapen, 'n beswerinsgmiddel waarmee die digter „huiwering-wekkende verskiete" kan oopslaan en waarmee hy die skoonheid kan bereik, daaraan vorm kan gee.

In Hart Op die Fees, (Gestaltes en diere p.14) het die woord nie 'n logiese, vaste skema nie, want,

...................my woord sè sin
rik soos 'n duif wat, opgeskrik,
die bronswit skemeraand moet [1] in.

Die vernuwing wat die digters van Dertig gebring het, het nie daarin bestaan dat oor nuwe onderwerpe geskryf is nie, maar wel dat die ou temas soos die mens teenoor die natuur, die gemeenskap, die liefde en teenoor God op nuut beleef is, en veral, dat hierdie nuwe belewing daarvan 'n nuwe vorm gekry het.

Daarom tipeer Van Wyk Louw hul strewe: „dat die wette van die klankryke woorde en woordverbinding die enigste gesag in ons ryk is. ......... Hy (die digter) moet suiwerheid en tegniese volmaaktheid soek ....... Musikale klank, die glansende enkele woord, presiesheid van beelde, intellektuele beheersing van wat hy wil sê ------- dit is die dinge wat ons van die digter eis." [2]

Opdrag (p.1), wat ongeveer uit dieselfde tyd as bg. uitspraak dateer, is die digterlike belydenis van hierdie opvatting oor die woord:

.............. maar ek wat gaan
waar hoër, kouer paaie lê,
wil weinig troos en geen gebed
en min, maar suiwer woorde hê.

/ In Die Verslaene .....

---

1) Eie kursivering.
2) Berigte te Velde, P.66. November 1936.

In Die Verslaene ryg hy weer „fyn en silwer woorde" in op die „yle drade van my droom- en dadelose ure."

Hierna[1] volg Van Wyk Louw se helderste formuleringe oor die woord as wapen, middel en werktuig van die kunstenaar. Hy erken dat hy nie hiermee 'n nuwe of finale literêre standpunt stel nie, maar dit is noodsaaklik dat elke literatuur hom soms op die konvensionele van die taalgebruik sal besin. In hierdie manifes, wat sterk herinner aan Van Deyssel se geesdrif oor die woord,[2] stel hy dit bo alle twyfel dat die kunstenaar „die woord met sy eie lyding en vreugde kan vul," en dat die woord die brug is wat „tot die onverganklike vrystad van die skoonheid" lei.

Sy digterlike belydenis oor hierdie opvattinge van die woord kom nog in dieselfde jaar tot uiting in Vooraf Gespeel (Gestaltes en Diere. p.7).

In sy vrees en vlug voor die magtige vyand uit, die dier, die bose wat die goddelike volg soos „die trap in jou spoor soos 'n goeie hond," is die Woord „die smal swaard en blink, my wapen in die vlug." Die woord is die skakel met die aardse, is bestendig en onverganklik, dit is die

swart aardse klip wat in die banke wortel
en van geen roering weet;

/Dit is ook.........

---

1) 1938 Lojale Verset, P.171 tot 176
2) H.A. MULDER sê in sy uitgawe van Van Deyssel se Proza (Inleiding, p.xi, J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria 1943) die volgende: „Hij schrÿft opzettelÿk (hoewel daarom niet minder spontaan) brandende prozastukken die de ogen moeten wakker schitteren, omdat hÿ meent dat zÿn land deze voor alles behoeft: .......... Hÿ vindt formules, hÿ beschrÿft methodes en stÿlen, soms nog voordat zÿ toegepast zÿn, hÿ rubriceert richtingen en scholen, hÿ experimenteert met schrÿf- en levenswÿzen, en hÿ doet dit alles met een helderziendheid die op den duur meeslepender blÿkt dan de hartstocht van dat proza waarop zÿn roem voornamelÿk berust."
Hiertoe het Van Wyk Louw dit egter nie gebring nie. Hy sien die woord wel as draer van die mens se ganse geestesservaringe, en hy wend dit ook as sulks in sy digkuns aan, maar hy skryf nooit liriese prosa nie. Hy probeer ook nie nuwe „formules" of „methodes en stÿlen" vir die prosa vind nie.

Dit is ook die kamer waarin 'n helder skoonheid opgesluit lê. Die digter bid om die opening van hierdie kamer sodat hy die sekerheid en pyn van sy kunstenaarskap daarin kan giet:

> ............. ................ O Woord,
> smal swaard en blink, my wapen in die vlug
> waar alles jaag, bevrees,
> voor een trots en te magtige vyand uit;
> O Woord, swart klip waaroor die water stort,
> swart aardse klip wat in die banke wortel
> en van geen roering weet;
> O Woord, geslote kamer vir die skoonheid klaar--
> gaan oop vir my dat ek my in jou red
> met hierdie vrag van aardse sekerheid en pyn.

Die toets wat aan Raka gestel is, is of hy die

> ........... fyn, fyn net
> van die woord (ken), waarmee ons blink en vet
> visse uit baie waters haal? (p.21)

In wondermooie verse word die ontsaglike mag van die kuns, byna argeloos, bepaal in Die Beiteltjie (Nuwe Verse, p.35). Uit die eerste strofe klink die plesier op wat die digter in sy kuns vind: „ek tik hom en hy klink." Dan word die woord gehanteer om aan te pas by die fynste gevoelsnuanses, want,

> toe slyp ek en ek slyp hom
> totdat hy klink en blink

Agtereenvolgens word eers 'n geringe takie gestel, dan volmaak uitgevoer; maar met onberekenbare krag dring die daad deur om nie net die planeet aan twee te kloof nie, maar om „met 'n bars dwarsdeur die sterre (te) loop."

Die beiteltjie is veel meer as die simbool van die woord as werktuig: dit is 'n metafisiese siening van die oorweldigende krag van alle kuns.

/Die openingsvers.......

Die openingsvers van Nuwe Verse (p.5) is verwant aan die „Ambag"-sonnette en dui op die hanteer van die woord as klippie (beitel). Maar hier is geen intrinsieke bepaling van die funksie van die woord of kuns as werktuig nie. Aansluitend by die droom-versonke stemming van die gedig, word die klippie onwillekeurig, meganies óp in die donker geskiet en geluister,

> hoe die klein klippie ver weg in die riet
> uit donker in die donker water skiet.

Ook wat woordkuns betref, kan Van Wyk Louw nou bely dat „alles gekom het." Wat hy voorheen voorspel het, gebeur nou: „Ons sal later minder hieroor (die woordkuns) hoef te praat ---- as dit vanselfsprekend by ons geword het." [1]

6.

$ 6. BESLUIT: In sy besinning op eie kuns wou N.P. van Wyk Louw die digter as geestelike leier en denker bo die massa uitstoot in diepe besef van die eensaamheid van sy taak. Aanvanklik het hy met die drif van die jeug hierdie taak gestel, vir homself opgeneem en as denker die „blou-wit ster" en die „swart glans van die see" ondersoek. Tot in die onderlae van die bewussyn het hy sy nette gespan op soek na die „enkele harde en helder dinge," die „min maar suiwer woorde."

Na die sekerheid en vervulling van sy kunstenaarskap het daar versoening gekom: hy spreek hom nie meer vurig en strydend oor sy roeping as profeet uit nie en met 'n speelse argeloosheid wend hy woord en kuns aan.

..............oOo.............

---

1) Lojale Verset, p.172

## BIBLIOGRAFIE.


A. Geraadpleegde Werke:

ANTONISSEN, Rob: * Schets van den Ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche Letterkunde, Ie Deel: STUDIE:
„Pro Arte" --- Diest
Drukkery N.V. Vonksteen, Langemarkt 1946

BUNING, T.J. : * Afrikaanse Versbou, Deel I
J.H. de Bussy, Pretoria, 1939.

CELLIERS, Jan F.E.: * Kuns in Lewe en Kultuur
Die Nasionale Pers Beperk, Kaapstad & Bloemfontein 1933.

CLOETE, T.T.: * Trekkersweë en Joernaal van Jorik
C.V. Swets & Zeitlinger
Amsterdam 1953.

COETZEE, Abel : * C.M. van den Heever, die wese van sy kuns. J.L. van Schaik, Bepk.,
Pretoria 1936.

DEKKER, G: : * Causerie en Kritiek
J.L. van Schaik, Bpk.
Pretoria 1934.

" " : * Afrikaanse Literatuurgeskiedenis (4de druk) Nasionale Pers, Beperk, 1947.
Kaapstad-Bloemfontein en Port Elizabeth

DU PLESSIS, I.D. : * Die mag van die Woord
A.A. Balkema, Kaapstad 1952.

DU TOIT, F.G.M. : * Eugéne N. Marais, sy bydrae tot die Afrikaanse Letterkunde.
N.V. Swets & Zeitlinger, Amsterdam 1940

LOUW, N.P. VAN WYK : * Die Digter as Intellektueel
A.A.M. Stols - 'S Gravenhage
Constantia - Johannesburg, 1950.

" " : * Berigte te Velde
J.L. van Schaik, Beperk,
Pretoria 1939.

" " : * Lojale Verset
Nasionale Pers Beperk, 1939.
Kaapstad-Bloemfontein en Port Elizabeth

LOUW, W.E.G. : * De Nieuwere Afrikaanse Poëzie
D.A. Daamen's Uitgewersmij
'S-Gravenhage, 1939.

MALHERBE, F.E.J. : * Aspekte van Afrikaanse Literatuur
Nasionale Pers, Beperk, 1940,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth.

" " : * Wending en Inkeer
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad, 1948.

MULDER, H.A. : * Opstelle oor poësie
J.L. van Schaik, Pretoria 1939.

" " : * Twee wêrelde
J.L. van Schaik, Beperk,
Pretoria 1942.

NIENABER, P.J. : * Jonger skrywers oor eie werk
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1951.

" " : * Totius, Digter en Profeet.
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg 1948.

" " : * C. Louis Leipoldt, Eensame veelsydige
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1948.

" " * Jan Celliers, Ons Volksdigter
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1951.

" " : * Eugéne Marais
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1951.

" " : * Afrikaanse Skrywers aan die Woord
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1947.

" " : * Perspektief en Profiel
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1951.

OPPERMAN, D.J. : * Digters van Dertig
Nasionale Boekhandel Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Johannesburg,
1953.

PIENAAR, E.C. : * Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.
Nasionale Pers, Beperk.
Kaapstad-Stellenbosch-Bloemfontein
1931.

VAN DEN HEEVER C.M.:* Mens en Woord.
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg, 1947.

" " : * My Jeugland, jeugherinneringe van Afrikaanse Skrywers
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
Johannesburg 1953.

B. Digbundels:

DU PLESSIS, I.D. : * Lied van Ali en ander gedigte
Nasionale Pers Bpk.,
Kaapstad-Stellenbosch-Bloemfontein,
1931.

" " : * In die Sabie
Nasionale Pers Bpk.,
Kaapstad, 1932.

" " : * Skermutseling en Skote
J.L. van Schaik, Beperk,
Pretoria 1943.

DU PLESSIS, I.D.: * Ballades
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1937.

" " : * Kwatryne
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1941.

" " : * Stryd
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1935.

" " : * Vreemde Liefde
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1937.

" " : * Die Vlammende Fez
Unie-Volkspers Beperk,
Kaapstad 1944.

" " : * Land van ons Vadere
Unie-Volkspers Beperk,
Kaapstad 1945.

TOTIUS : * Passieblomme
Nasionale Pers Bpk.,
Bloemfontein 1938.

" : * Skemering
Nasionale Boekhandel Beperk.,
Kaapstad-Bloemfontein-Johannesburg,
1952.

" : * Rachel
A.H. Koomans,
Potchefstroom 1913.

" : * Trekkerswee
„Die Weste" - Drukkery,
Potchefstroom -(Geen datum) 10de Druk

" : * Uit Donker Afrika
Nasionale Pers Bpk.,
Bloemfontein 1936.

" : * Wilgerboom-Bogies
„Het Westen" - Drukkery,
Potchefstroom 1939. 9de Druk.

FAGAN, H.A. : * Soos die windjie wat suis
Nasionale Pers Bpk., 1949

LEIPOLDT, C. Louis.: * Slampamperliedjies
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad, 1936.

" " : * Skoonheidstroos
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad 1932.

" " : * Die Bergtragedie
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1932

" " : * Dingaansdag
J.L. van Schaik Beperk,
Pretoria 1927 2de Druk.

LEIPOLDT, C.LOUIS: * Oom Gert Vertel en Ander Gedigte
J.H. de Bussy,
Pretoria 1926. 4de Druk.

" " : * Uit Drie Wêrelddele
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad 1934. 7de Druk.

LOUW, N.P.VAN WYK: * Alleenspraak
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth,
1943.

" " : * Die Halwe Kring
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad 1937.

" " : * Die Dieper Reg
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein- Port Elizabeth
1938.

" " : * Raka
Nasionale Pers, Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth
1943.

" " : * Gestaltes en Diere
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth
1947.

" " : * Dias
Nasionale Boekhandel Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Johannesburg,
1953.

" " : * Nuwe Verse
Nasionale Boekhandel Beperk,
Kaapstad, 1954.

LOUW, W.E.G. : * Die Ryke Dwaas
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth
1943.

" " : * Terugtog
Nasionale Pers Beperk,
Kaapstad-Bloemfontein-Port Elizabeth,
1942

" " : * Adam en ander gedigte
Constantia, J.H. de Bussy,
Johannesburg, Pretoria 1944.

VAN DEN HEEVER, F: * Eugéne en ander gedigte
J.L. van Schaik Beperk,
Pretoria 1931.

MARAIS, Eugéne N.: * Versamelde Gedigte
J.L. van Schaik Beperk,
Pretoria, 1945.

VAN DEN HEEVER, C.M.: * Versamelde Gedigte
J.L. van Schaik Beperk,
Pretoria 1945.

C. Tydskrifte :

DIE HUISGENOOT : D.J. Opperman --- N.P. van Wyk Louw as Digter (16 November 1945)

STANDPUNTE : (Opstelle of gedigte in die volgende nommers)

Ou Reeks : 1, 3, 5, 6, 8, 9, 14, 15, 27.

Nuwe Reeks : 4.

ONS EIE BOEK : A.P. Grové ---- Nuwe Verse - N.P. van Wyk Louw.

..............oOo..............